
2

KEN JY HIERDIE

GOOD

Inleiding

Welkom by ons 40-dae verkenningstyd! In hierdie 40 dae gaan jy voorgestel word aan 'n God wat ons so graag wil hê elke mens moet ken. Selfs die van julle wat Hom reeds ken, sal in hierdie tyd nuwe ontdekkings maak. Ons noem hierdie verkenningstyd: *Ken jy hierdie God?* Reis gerus saam met ons.

Vandag is daar soveel verkeerde idees oor God; van die idees kom vanuit ons kinderdae, kerkbelewenis of persoonlike belewenisse. Hierdie 40-dae het ten doel om hierdie verkeerde idees wat jy oor God mag hê, uit te daag en nog meer; jou aan 'n God bekend te stel wat jou ongelooflik lief het. In die reis sal jy leer dat hierdie God jou AANVAAR, jou VERANDER, met jou wil PRAAT, al sy BELOFTES hou, vir jou 'n TOEVLUG is en ook vir my en jou STUUR met Sy boodskap van liefde.

Om maksimum uit die 40-dae te put is daar drie belangrike komponente waaraan jy jouself moet toewy:

- (1) Woon die ses Sondae by,
- (2) Doen die 6 weke se dagstukkies en
- (3) skakel in by 'n groep wat saam 'n DVD gaan kyk en dit dan gaan bespreek.

Hoe om die boekie te gebruik

As jy Sondag die diens bywoon, gebruik die gedeelte vir die preeknotas om neer te skryf wat jou raak. Memoriseer ook die week se memoriseervers. Doen dan in die week wat volg die vyf dagstukkies op jou eie tyd en woon die DVD-bespreking by. Notas en vrae vir hierdie bespreking is ook in die dagstukkiesboekie.

Ken jy hierdie God is gesamentlik ontwikkel deur vier gemeentes. Hulle is AGS Bellville, Dei Gratia Gemeente, Impetus Gemeente en Waterkloof AGS.

Geniet dit!

Die “Ken jy hierdie God?” span.

HY AANVAAR JOU



PREEKNOTAS:

*En ons het die liefde
wat God tot ons het,
leer ken en geglo.*

**GOD is LIEFDE;
en hy wat in die liefde bly,
bly in GOD,
en GOD in hom.**

*Hierin het die liefde by ons
volmaak geword,
dat ons vrymoedigheid kan hê
in die oordeelsdag;
want soos Hy is, is ons ook
in hierdie wêreld.*

1 Johannes 4:16,17 [ADV]

*And so we know and rely
on the love God has for us.*

GOD is Love.

**Whoever lives in love
lives in God
and God in them.**

*This is how love is made complete
among us, so that we will have
confidence on the day of judgement:*

In this world we are like Jesus.

1 John 4:16, 17 [NIV]

Week 1: Hy aanvaar jou.

Dag 1: Wat glo jy?

God het immers nie die Seun na die mensewêreld toe gestuur om die mense te veroordeel nie, maar sodat die mense deur Hom gered kan word.

Johannes 3:17 [NLV]

Ons het geleer dat ons moet glo in God se liefde wat ons kom red het toe ons verlore was. Maar is dit regtig wat jy glo? Glo jy dat God nie Jesus gestuur het om te veroordeel nie, maar om te red?

Soms in ons lewens moet ons net weer die pen in die grond slaan wat duidelik vir jou hart en denke sê wat jy glo. God se liefde word aan ons bewys deur Sy onbeskryflike genade.

Ons kan nie glo dat God ons gelyktydig aanvaar en verwerp nie. Dit is of die een of die ander.

Ons moet glo dat die verhouding tussen ons en God ten volle herstel is en dat ons geregtig is. As jy dit nie kan glo nie, glo jy nie dat Hy jou aanvaar nie.

Hierdie Goeie Nuus maak bekend dat God ons van ons sondes vryspreek. En dit gebeur enkel en alleen omdat ons glo. Soos die Skrif sê: "Elkeen wat vrygespreek word omdat hy glo, sal lewe." Romeine 1:17 [NLV]

Omdat ek glo dat my sonde vergewe is en ek Sy kind is het ek vrymoedigheid om in eerlikheid voor God te wandel. Ek weet dat Hy my aanvaar en dat Hy deur Sy genade saam met my die pad sal stap om binne Sy wil en weë te beweeg. Ek kan daarop staatmaak.

As mense wat deur God vrygespreek is omdat ons glo, is daar nou vrede tussen God en ons op grond van wat Jesus Christus ons Here gedoen het. Deur Jesus Christus het ons op grond van die geloof toegang verkry tot hierdie heerlike posisie van genade waarin ons ons nou bevind, en ons jubel vol verwagting oor die heerlikheid wat God aan ons gaan gee. Romeine 5:1–2 [NLV]

Ons weet dat omdat God ons instaat stel om Sy wil te doen ons sal word wie Hy wil hê ons moet wees.

Refleksie: Skryf neer wat jy glo God oor jou dink en voel.

Gebed: *Dankie dat U self die geloof in ons bewerk deur U Gees. Dankie vir vrede tussen ons en U. Dankie dat ons binne hierdie verhouding kan leef en beweeg, groei en vryheid kan ontdek en dat hierdie geloof ons lewe werklik verander.*

Week 1: Hy aanvaar jou.

Dag 2: Gemotiveer deur liefde.

Dis egter nie al nie – ons jubel selfs in ons swaarkry, want ons besef dat die swaarkry ons leer om te volhard. Op sy beurt kweek volharding betroubaarheid van karakter; en betroubaarheid van karakter versterk ons toekomsverwagting. En hierdie toekomsverwagting sal ons nie teleurstel nie, want ons weet hoe lief God ons het. Hy het sy liefde mos in ons harte uitgestort deur sy Heilige Gees wat Hy aan ons gegee het. Romeine 5:3–5 [NLV]

Liefde is meer as woorde. Dit vat 'n saamstap-verhouding wat saam deur al die fasette van die lewe kan voortgaan om in jou hart die konsep van geliefd wees vas te maak. Die eerste saak wat in ons harte kom wanneer ons soms swaarkry is: “is God dan lief vir ons?”. Wat sal my dan motiveer om aan te hou stap in hierdie verhouding?

Wanneer ons in twyfel stap kom daar spasie in ons denke oor God en ons verloor die eenheid in ons denke wat God vir ons bewerk het deur die versoening wat Jesus Christus vir ons bewerk het.

Dus begin hierdie verhouding by wat jy glo. Ons moet werklik in die liefde van God begin glo vanuit Sy perspektief en toelaat dat dit begin dien as motivering van ons wandel met Hom. God het aan ons 'n vrye wil gegee, die vermoë om te kies, want liefde vereis keuse. Daarom moet ons vandag begin deur te kies. Kies dat ons in Sy liefde vir ons wil glo en ons liefde vir Hom onvoorwaardelik wil maak. Ons kan dit nou doen, want Hy het Sy liefde in ons harte uitgestort.

Sy liefde word dan nou my motivering om saam met Hom deur ALLES wat die lewe kan bied te wandel. Hierdie liefde verander hoe ek dan na die lewe kyk. As Sy liefde in my gebrokenheid kon inbeweeg kan ek deur Sy liefde wat in my uitgestort is in die daaglikse gebrokenheid van die lewe, verhoudings en gebeure inbeweeg as gemotiveerd.

Dan weergalm Paulus se woorde in ons harte:

*“Om u ontwil bedreig die dood ons die hele dag en word ons as slagskape beskou.”
Tog is ons ten spyte van al hierdie dinge besig om 'n superoorwinning te behaal –
oorwinnaars deur Christus wat sy liefde so duidelik aan ons bewys het.
Romeine 8:36–37 [NLV]*

Hierdie liefdes-motivering lei jou na super oorwinnings en hou jou aan die stap in hierdie alledaagse lewe waar twyfel en seerkry jou soms beet wil kry.

Refleksie: Wie en waar kan ek mense om my motiveer deur die liefde van God?

Gebed: Here, dankie dat U liefde in my hart uitgestort is, help my deur U Gees om in bewustheid daarvan te lewe.

Week 1: Hy aanvaar jou.

Dag 3: God gee nie op nie.

God, who got you started in this spiritual adventure, shares with us the life of his Son and our Master Jesus. He will never give up on you. Never forget that.

1 Corinthians 1:9 [MSG]

As jy nie verstaan dat jy werklik God se kind is en dat Hy jou aanvaar nie, gaan jy voortdurend in twyfel lewe. Twyfel oor Sy goedheid, Sy liefde, jou waarde en jou finale uitkoms.

Ons persepsie is soms dat as ons na Hom sou kyk ons veroordeling sal sien en dalk 'n ROOI kaart vir ons gebrokenheid. Van ons dink ons verhouding met Jesus gaan dalk kortkom. Hy wag nie om rooi kaarte uit te deel nie. Hy is saam met ons op hierdie avontuur van ontdek wie ons in Hom is. Ons word deur Sy gees getransformeer.

Binne hierdie wonderlike geestelike avontuur is ons as Sy kinders verseker dat Hy die goeie werk in ons sal klaarmaak. Ons moet oefen om na Jesus te kyk en reg te sien.

Kom ons hardloop met volharding op die baan wat voor ons uitgestrek lê, ons oë vasgenaël op Jesus, die Een op wie ons geloof vanaf die wegspring tot by die eindstreep steun. Hebreërs 12:1–2 [NLV]

Ons moet begin sien dat Hy liefdevol die rigting wil aandui, die krag wil gee en jou wil help om te wil doen wat Hy vir jou begeer. As jy dit miskyk sien jy net die dinge raak waarvan jy dink jy moet wegkom terwyl ek en jy eerder na die uitkoms moet kyk. Waarna jy kyk, gaan jy heen beweeg.

Die lewe is werklik 'n avontuur van ontdek en word. Hoe meer jou fokus op God se liefde vir jou is, hoe meer ontdek jy wat Hy vir jou voorberei het en kan jy dit glo wat Hy in en deur jou kan doen.

Ons word al hoe meer verander om soos die Here te lyk, met 'n heerlijkheid wat steeds toeneem namate die Here, dit is die Gees, dit aan ons gee.

2 Korintiërs 3:18 [NLV]

As jy dus struikel en swaarkry is jy nie verlore nie. Hy bly saam met jou stap en het medelye met jou swakhede en help jou juis in jou krisis. Hy gee nie op op jou nie! Moenie dit vergeet nie!

Refleksie: Dink na oor wie en wat God wil hê dat jy moet wees.

Gebed: *Here, ek dank U dat ek my oë op U kan plaas in plaas van op my eie gebrokenheid en in die proses kan word wie U wil hê ek moet wees.*

Week 1: Hy aanvaar jou.

Dag 4: Sy liefde hou jou vas.

Die liefde van Christus hou ons vas. Omdat ons geoordeel het dat Een vir almal gesterf het, glo ons dat ons almal ons ou, sondige lewe afgesterf het. Hy hét vir almal gesterf sodat dié wat lewe, nie meer vir hulself moet leef nie, maar vir Hom wat vir hulle gesterf het en opgewek is. 2 Korintiërs 5:14–15 [NLV]

Daar is hierdie persepsie dat jy kan verdwaal en wegraak. Soms wil ons dit eerder glo as wat ons wil glo dat die liefde van Christus jou vashou. Dat Hy enduit my nie sal los nie. Hy laat vaar mos nie die werke van Sy hande nie.

Omdat Hy jou vashou is dit juis Sy krag wat jou help om te doen wat Hy begeer dat jy sal doen.

My skape luister na my stem, en Ek ken hulle, en hulle volg My. 28 En Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal nooit verlore gaan tot in ewigheid nie, en niemand sal hulle uit my hand ruk nie. 29 My Vader wat hulle aan My gegee het, is groter as almal; en niemand kan hulle uit die hand van my Vader ruk nie. 30 Ek en die Vader is een. Johannes 10:27–30 [NLV]

Nou begin ek vir Hom wat my aanvaar en vir wie ek nie hoef te vrees en weg te kruip nie, te lewe. Ek begin dinge anders sien, doen en glo omdat Sy liefde vir my die weg daartoe baan.

As God 'n saak begin voer Hy dit deur. Hy hou aan jou vas selfs al sukkel jy. As Hy 'n goeie werk begin het, gaan Hy dit klaarmaak. Hy gaan in jou werk om te wil. Hy gaan dit deurvoer. Niemand sal jou uit Sy hand uit ruk nie.

Hy het egter vir my gesê: “My genade is genoeg vir jou, want my krag kom juis in swakheid tot volle verwesenliking.” Daarom sal ek baie liever oor my swakhede spog sodat die krag van Christus voortdurend deur my kan werk. Ek is dus tevrede met my swakhede, beledigings, ontberings, vervolgings en benoudhede ter wille van Christus, want wanneer ek swak is, juis dán is ek sterk. 2 Korintiërs 12:9–10 [NLV]

Jy sien, wanneer ons nie vol is van onself, ons werke en goed doen nie, kom God se krag in werking. Wanneer jy swak is los hy jou nie, dan begin genade werk wat vernuwend, genesend en behoudend is. Wanneer ek dit verstaan leef ek nie om myself te verbeter nie, want in myself kan ek dit in elk geval nie regkry nie (dan het ek nie Christus as verlosser nodig gehad nie).

Refleksie: Waar kan ek Sy vashou in my lewe raaksien en meer van bewus word.

Gebed: *Dankie dat my hand in U hand is en dat U my vashou en my lei. Dankie dat U liefde vir my 'n werklikheid word in genade wat ek elke dag beleef.*

Week 1: Hy aanvaar jou.

Dag 5: Lewe sonder vrees.

Ons leef uit die wete en is absoluut oortuig daarvan dat God ons liefhet. God is die liefde self en almal wat uit dié liefde leef, leef in 'n hegte verhouding met God en God met hulle. Hiertoe is God se liefde ten volle in ons verwesenlik, dat ons vrymoedigheid kan hê op die oordeelsdag. Want dan sal ons ook in hierdie wêreld wees soos Hý is. Ware liefde het nie plek vir vrees nie; volwasse liefde dryf die vrees uit omdat vrees nog met straf behep is, en wie aanhou vrees, het nog nie dié volwasse liefde bemeester nie. 1 Johannes 4:16–18 [NLV]

As 'n mens in vrees lewe kan een van twee dinge gebeur, jy kan 'n onderpresteerder word, want jy dink ek gaan in elk geval gestraf word. Of jy kan in werke spring en jouself dood werk en glad nie lewe nie.

Soms kruip ons met dele van ons lewens vir God weg uit vrees. Dan raak ons *disconnected* en vergaan soms op daardie terreine.

Ons het 'n vrymoedigheid in ons verhouding met God. Ons weet dat daar met ons straf gedeel is en daarom is ons vry van prestasie gedrewendheid en ingestel om in liefde met God te leef deur reg te doen en te dink. Ons weet dat ons nie veroordeel word nie, dat die straf op Christus was. Hierdie hegte verhouding bepaal dan nou my fokus en rigting.

Ek is die wynstok, julle die lote. Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug; want sonder My kan julle niks doen nie. Johannes 15:5 [AOV]

Vrees kruip weg, terwyl vreesloos jou naby hou, ingeënt. Jy kry jou krag uit Hom.

Dis tog juis deur Hóm dat ons leef, beweeg en bestaan. Handeling 17:28 [NLV]

Ek is oortuig dat God die goeie werk wat Hy in julle begin het, sal voortsit totdat Hy dit voltooi op die dag wanneer Jesus Christus terugkom. Filippense 1:6 [NLV]

Refleksie: Met watter dele van jou lewe kruip jy vir God weg? Waar moet jy Hom nog innooi?

Gebed: *Here, dankie dat U my liefhet en vir my die beste wil gee. Help my om vreesloos voor U in eerlikheid te lewe en daar vernuwe te word.*

DVD Bespreking

Week 1: God aanvaar ons.

Ons grootste stryd is soms om die waarheid oor God te glo.

Niemand het 'n _____ as hierdie nie: dit is dat iemand sy _____ ter wille van sy vriende. Johannes 15:13 [NLV]

God het die mensdom só liefgehad dat Hy Sy enigste Seun gegee het sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore gaan nie, maar die ewige lewe sal hê. God het immers nie die Seun na die mensewêreld toe gestuur om die mense te veroordeel nie, maar sodat die mense deur Hom gered kan word. Johannes 3:16–17 [NLV]

God gee en ons ontvang. Hy veroordeel nie en skenk ewige lewe.

Hoe doen God dit?

God laat blyk Sy _____ vir ons egter daarin dat Christus vir ons kom sterf het ten spyte daarvan dat ons nog sondaars was. Ons is nou _____ deur Jesus se dood. Romeine 5:8–9 [NLV]

Hy doen die uitreik – hy bewys Sy liefde.

Hy Spreek jou vry en trek jou nader in 'n intieme verhouding. Dit is hierdie intieme verhouding wat die vyand met 'n bewustheid van sonde wil verbreek.

Hy bevestig jou kindskap in jou hart.

Dit is 'n verhouding:

1. Van _____

2. Deur die Heilige Gees – _____

Of verstaan julle nie dat julle _____ is wat in julle woon en deur God aan julle gegee is nie? Julle behoort nie aan julleself nie, want julle is teen 'n duur prys gekoop. Daarom moet julle God met julle liggaam verheerlik. 1 Korintiërs 6:19–20 [NLV]

3. Van _____

*Tog is ons ten spyte van _____ besig om 'n _____
te behaal – oorwinnaars deur Christus wat sy liefde so duidelik aan ons bewys het.
Romeine 8:37 [NLV]*

Vrae vir bespreking:

1. Hoe kan jy weet dat God jou aanvaar?
2. Hoe kan jy jou oorgawe vergroot?
3. Praat met mekaar oor die liefde van God en jou persoonlike ervaring daarvan.

NOTAS:
